



## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

Bergrivier Munisipaliteit verseker die welstand van alle gemeenskappe in sy gebied deur ekonomiese groei, sosiale welstand, gemeenskapsbetrokkenheid en effektiewe bestuur binne 'n veilige en gesonde omgewing. Vroue en persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen.

Bergrivier Munisipaliteit, met sy hoofkantoor te Piketberg en ongeveer 1 uur vanaf Kaapstad, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen.

### DIREKTORAAT: TEGNIESE DIENSTE (Standplaas Aurora)

#### WERKER: AFLAAI STASIE (AURORA)

Posvereistes: Bevoegdheid in ten minste twee van die amptelike tale van die Wes-Kaap (Afrikaans/Engels/Xhosa Lees, Skryf en Praat) · Hoë vlak van verantwoordelikheid · Moet fisies fiks en bekwaam wees · Moet onder alle werkstoestande werk · Moet buite normale werkstye tydens noodgevalle en beplande oortyd werk · Moet pligte in de hele gebied van die munisipaliteit uitvoer indien nodig.

Sleutel prestasie areas: Doen arbeidsaktiwiteite wat verband hou met die versameling en weggooi van vaste afval vanaf die oorlaaistatie na die stortingsterrein · Algemene pligte uit te voer wat verband hou met die bedryf van 'n oorlaaistatie · Reël die in- en uitgang van vullisverwyderingsvoertuie by die oprit van die oorlaaistatie · Onderneem spesifieke aktiwiteite wat verband hou met die skoonmaak van die omgewing rondom die vullisverwyderingsterrein · Enige ander verwante pligte soos versoek deur die toesighouer.

Salaris: R 106 236.00 per jaar (T04 van 'n Kategorie 3 Plaaslike Owerheid)

Diensaanvaarding: 01 Julie 2021 of so spoedig moontlik

Navrae: Mr A Petersen by (022) 783 1112

#### ALGEMEEN:

1. 'n Diensbonus gelykstaande aan een maand se salaris is, waar van toepassing, sal betaalbaar wees en word aangevul deur die normale voordele van toepassing op die Munisipaliteit, met begrip van 'n behuisingstoelae vir huiseienaars, onderhewig aan sekere voorwaardes.
2. Die Munisipaliteit is 'n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalinge van die Wet op Gelyke Indiensneming.
3. Die Munisipaliteit behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.
4. Alle aanstellings is onderworpe aan 'n polisieklaring wat noodwendig beteken dat applikante toestemming verleen dat dit verkry mag word.
5. Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word of nie vergesel van die dokumentasie hieronder genoem nie, sal nie oorweeg word nie.
6. Slegs aansoekers op die kortlys vir onderhoude sal gekontak word. Indien 'n aansoeker binne 6 weke na die sluitingsdatum nog geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar word dat hul aansoek onsuksesvol was.
7. Gunswering by enige raadslid en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeelid van die Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.
8. Benewens die minimum posvereistes en standplaas hierin gestel, mag daar van posbekleërs verwag word om oortyd- en bystanddiens te verrig, asook om van tyd tot tyd in ander dele van die munisipale gebied diens te lewer, soos vereis.
9. Aanstelling in sekere poste is onderhewig aan 'n sekerheidsverklaring en daar sal ook van aansoekers verwag word om 'n onderhoud- en evalueringproses te deurloop en waar van toepassing, 'n vakoets af te lê.

'n Dekbrief met vermelding van ten minste drie kontakbare verwysings, vergesel van die voltooië voorgeskrewe aansoekvorm (op aanvraag verkrygbaar by Tel: 022 913 6000 of op die munisipaliteit se webwerf by [www.bergmun.org.za](http://www.bergmun.org.za)), 'n Curriculum Vitae (maksimum 3 bladsye) en gesertifiseerde afskrifte van die nodige kwalifikasie sertifikate, identiteitsdokument en bestuurderslisensie (slegs een pos per aansoekvorm) moet by die Munisipale Kantore, Piketberg ingedien word of kan gepos word na Posbus 60, Piketberg, 7320 vir die aandag van Me W Terry Thomas (Menslike Hulpbronbeampte: Voorsiening en Administrasie), om haar te bereik teen nie later nie as die sluitingsdatum.

**GEEN FAKSE OF ELEKTRONIESE POS SAL AANVAAR WORD NIE.**

**SLUITINGSDATUM : VRYDAG, 09 APRIL 2021 OM 14:30**

ADV. H LINDE  
MUNISIPALE BESTUURDER

MK60/2021

KERKSTRAAT 13  
POSBUS 60  
PIKETBERG  
7320